Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

16 Junie 2013

OGGENDDIENS: prof Nico Vorster

Skriflesings: Joh. 18: 28 - 19: 16
Tema: Ons belangrikste lewenskeuse: Jesus of Barrabas?

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Lied 163: 1; Votum; Seën; Loflied Ps 118-1: 1, 2 ; Geloofsbelydenis

Verootmoedigingsdiens
Wet ; Antwoord op die wet Sb 9-3: 1 - 2

Woorddiens
Gebed; Skriflesing; Sing Ps 93-1: 1 - 4 ; Prediking; Gebed.

Antwoorddiens
Liefdegawes; Slotsang Lied 334: 1 - 3; Seën; Sing Sb 13 - 3.

AANDDIENS: prof Nico Vorster

Skriflesing: Psalm 121
Tema: Die werk van die Skeppende, Persoonlike en Ewige God in my lewe

Ontmoetingsdiens
Intreelied Lied 151: 1 - 3 ; Votum; Seën ; Lofsang Ps 33-1: 1, 2

Woorddiens
Gebed, Skriflesing; Sing Ps 121-1: 1 - 4 ; Woordbediening.

Antwoorddiens
Gebed ; Liefdegawes; Sing Lied 190: 1 - 3 ; Seën; Amenlied Sb 13-3.

MEELEWING

- Br Wynand Wiese (wyk 6 - 082 455 5523) was die afgelope week in die hospitaal om ‘n plaat uit sy arm te verwyder. Hy is reeds ontslaan en sterk tuis aan.

Ons bid dat die Here spoedig beterskap en herstel sal gee.

ONS DINK OOK AAN DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Br Hennie vd Berg, Sr Sannie Reyneke, Sr Filina Coetsee, Sr Marianne Kruger,
Sr Bettie Ras, Sr Janet vd Walt, Sr Tokkie Theunissen en Sr Nella Swanepoel.

BAIE GELUK

Bertie Werkman het gister in die huwelik getree met Roelien Viljoen. Baie geluk!

GROET

Ons groet vir Jurg vd Merwe wat met bewys van lidmaatskap vertrek na NG Moedergemeente.

ONDERSTEUNING VIR SIEKES

Vir ondersteuning of besoeke deur die hospitaalbesoeke-diensgroep, skakel vir:

Anna Smith	082 765 9813
Marian de Kock	082 950 4358
Marique Reichel	082 657 4508
Annatjie Grobler	073 258 7833/ 018 290 9974
Marietjie Venter	082 852 6870/ 018 290 6266

of e-pos siekes@oosdoppers.co.za

AFKONDIGINGS

Die volgende aktiwiteite vind DV hierdie week plaas:

Vandag
09:30 Gebedsgroep
10:00 Oggenddiens
Geen Kleuterbediening
Geen Katkisasie
Tee en koffie
18:00 Aanddiens

Maandag
Publieke vakansiedag

Dinsdag
Geen Manne Ondersteuningsgroep
Geen Bediening-na-buite-vergadering

Woensdag
Geen katkisasie
18:30 Bybelstudie: Klipdrif

Donderdag
18:30 Wyksbyeenkoms: Wyk 29, 30, 33 en 34

FACEBOOK

Ons herinner ons gemeente en jeug graag dat ons 'n "Facebook"blad het wat julle kan besoek. Gaan loer bietjie by https://www.facebook.com/oosdoppers en "like" ons bladsy.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV diè week verjaar!

Sondag, 16 Junie

Sr Riëtte Myburgh	083 412 9526
Jbr Andrè Korb	072 984 4089
Jbr Simon Korb	072 984 4089
Sr Danika Alberts	079 511 2371
Jbr Gustav Terblanche	083 447 1054

Maandag, 17 Junie

Br Mias vd Walt	074 444 4109

Dinsdag, 18 Junie

Sr Liana Venter	082 924 5564
Jsr Marelè vd Walt	084 677 2928

Woensdag, 19 Junie

Br Dana Schutte	082 373 1519
Jsr Anchen Schutte	082 373 1519
Jbr Bernard Stavast	079 440 1733
Sr Hestie J v Rensburg	072 383 9510

Donderdag, 20 Junie

Sr Elna Jordaan	073 705 4554

Vrydag, 21 Junie

Br Anton Styger	078 114 1757
Sr Erika Kruger	082 428 7386

Saterdag, 22 Junie

Jsr Elbè v Jaarsveld	081 212 4411
Sr Leana Mostert	084 580 6554
Br Gerrie v Deventer	083 450 2518
Br Niekie vd Walt	084 601 3235
Sr Bettie Ras (87)	018 290 6367

ANDER AFKONDIGINGS

- Liefdegawe vanoggend vir Barmhartigheid. **Die Diakonie ervaar 'n tendens van toenemende behoefte by lidmate om finansiële ondersteuning. Kom ons wat genoeg van die Here ontvang, gee ruim met vrywillige harte om die Diakonie in staat te stel om die groeiende behoeftes te kan ontmoet.**
- Gawe by die deure vanoggend vir die Ekumenisiteit: London.
- Gawe volgende Sondag vir die Teologiese studentekas.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit in die bussies by deure.
- Diensbeurte: Wyk 13 en 14.

NAME WAT VOORGEHOU WORD TER APPROBASIE

Ouderlinge: Jan-Louis Coetzer, Nic Kotze, Sybrand vd Merwe, Wynand Scholtz.
Diakens: Marie du Plessis, Johan J v Ryssen, Deon Duvenage, Simon Korb, Phillip Venter.

Ons bid hierdie broers en susters die seën en leiding van die Here toe.

GASOUERS BENODIG

Van 18 Augustus tot 22 September 2013 (vyf weke) gaan ons as gemeente `n Fokustyd neem om onsself in te fokus op die beginsels wat ons as gemeente vir ons bediening neergelê het. Tydens die fokustyd gaan ons onder meer in Bybelstudiegroepe saamdink oor die beginsels van ons nuwe bedieningstrategie.

Vir hierdie Bybelstudiegroepe gaan ons egter "gasouers" benodig om `n Bybelstudiegroep te huisves. Die volgende gaan van hierdie gasouers gevra word:

- Stel jou huis vir vyf weke oop vir lidmate om saam met jou te groei in Bybelstudie.
- Koördineer die samekoms van die groep deur óf self die Bybelstudie te lei óf deur iemand te vra om die Bybelstudie te lei.
- Gee vir ons `n foto van julle as gasouers, saam met `n tyd wat julle die Bybelstudiegroep kan ontvang. Ons gaan hierdie foto saam met `n lys in die Skuur opsit sodat die lidmate hulleself kan indeel by verskillende groepe.
- Ds. Piet en Karel sal `n toerustingsgeleentheid reël om met die gasouers te praat oor die betrokke Bybelstudies en om enige vrae te beantwoord.
- Na die fokustyd ontbind hierdie Bybelstudiegroepe. Indien `n groep egter sou wou voortgaan om weekliks bymekaar te kom, moedig ons dit sterk aan en sal die predikante behulpsaam wees met dit wat nodig sou wees.

Indien jy jou weg oopsien om as gasouer op te tree, gee asseblief jou inligting deur aan Adele by die kerkkantoor. Hierdie inligting moet ons asseblief voor **14 Julie 2013** bereik, sodat daar genoeg tyd is om behoorlike toerusting te gee.

HUWELIKS- EN GESINSVERRYKINGSPROGRAM

Eerskomende Donderdagaand, 20 Junie om 19:00 - 20:00, bied Br Chris Venter weer 'n program aan by die kerkkantoor van die NG Kerk Bult-gemeente in Esselenstraat. Tema van die week: **"Rolle in die gesin"**. Die program is gratis. Bring asb 'n pen en papier saam. Die program word elke 2de Donderdag-aand aangebied.
Chris Venter

WYKSBYEENKOMSTE

Wyke 29, 30, 33 en 34 se wyksbyeenkoms is **20 Junie** 2013 om 18:30 in die Skuur. Meer besonderhede per SMS.

KENNISGEWINGBORD

- Skolieskamp Gr 10-12 7 tot 12 Julie 2013.
- Riviertoer

KENELKANDER

Lidmate wat nog nie kans gehad het om hulle Kenelkander in die Skuur af te haal nie, kan dit steeds by Adele in die kerkkantoor afhaal.

GEBEDE VIR BEDIENING NA BUITE UIT "DIE SAAIER"

Argentinië: Bid vir die spoedige voltooiing van die Toba Sur vertaling van die Ou Testament. Bid vir ons projek om kinders en tieners wat in nood is, met die Bybel te bereik. Dank die Here vir die vordering met ons geletterdheidsprojek, en vir die beduidende groei in Bybelverspreiding.
Bolivia: Dank die Here vir die sukses van ons Aymara geletterdheidsprojek. Ons het reeds meer as 5 000 kinders met hierdie projek bereik. Bid dat ons meer kinders sal kan bereik. Bid vir die hersiening van die Sentraal Quechua Bybel.

KERKLIKE TYDSKRIFTE

In die voorportaal van die Skuur beskikbaar vir almal wat daarop ingeteken is.

GEDAGTES EN VRAE RONDOM SONDAGAAND SE PREEK: "Laat U wil geskied"

Ek wil begin deur dankie te sê vir 'n baie insiggewende preek en die Heilige Gees lei en werk met mens deur die week oor die inhoud van die preek. Dit is eers baie keer na die preek dat die grootheid daarvan mens tref, dat vrae ontstaan, dat bekering daaruit voortspruit. Mag die Here jou verder en dieper lei in die rykdom van Sy Woord en mag ons dit Sondag na Sondag hoor sodat ons al hoe meer aan Jesus gelykvormig sal word en tot God se eer sal lewe.

Ek vra in my kommentaar dalk nie noodwendig direkte vrae nie, maar ek klankbord eintlik gedagtes met jou en sal dit waardeer as jy my reg sal help soos en waar nodig.

Moontlik is die eerste aspek waaraan ons aandag moet gee, die perspektief van waarmee is God nou besig. Is dit God se hoogste prioriteit om seker te maak dat ek en jy 'n lekker lewe het, dat alles vir ons mooi en goed sal uitwerk, dat ons baie geld en besittings sal hê, dat ons werk sal hê en dat ek en my familie gesond sal wees? Is God nie nou besig om 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde te skape nie? Dit is dinge wat ver bo ons denkwyse is. Ons dink gewoon net aan die hier en nou van vandag. Natuurlik wil God aan ons al hierdie ander dinge ook gee, maar ons moet verstaan wat beteken dit as God vir ons sê om die hemelse dinge te bedink. Deur ons omstandighede verander Hy ons om reg te wees vir die nuwe hemel en die nuwe aarde, en daarom gaan ons ook noodwendig deur swaar beproewings in ons lewe.

God sê iets vir ons in Psalm 19 vanaf verse 8 tot 13 rakende sy eise, bepalings, besluite ens.

"Die woord van die Here is volmaak: dit gee lewe. Die onderwysing van die Here is betroubaar: dit gee wysheid aan dié wat nog onervare is. Die bevele van die Here dui die regte koers aan: dit bring blydskap. Die gebod van die Here is helder: dit gee insig. Die eise van die Here vir sy diens is goed: dit staan altyd vas. Die bepalings van die Here is reg: elkeen van hulle is regverdig. Hulle is kosbaarder as goud, selfs as baie goud, soeter as heuning, as druppels uit 'n heuningkoek. U dienaar laat hom daardeur leer. Wie dit alles onderhou, groot is sy beloning. Wie sien sy eie dwalinge raak? Moet my tog nie straf vir sondes wat ek onwetend gedoen het nie."

M.a.w. God verduidelik hier hoekom ons Hom kan vertrou rakende dinge wat met ons direk en indirek gebeur. Ons hoef nie Sy besluite te bevraagteken nie, selfs al ervaar ons seer en hartseer in ons lewe. Verder sê Johannes vir ons: God is liefde. Dit is wie Hy in wese is, ook 'n begrip wat onverstaanbaar vir ons is a.g.v. ons sondige natuur. Ons moet besef dat die Vader se wil vir ons nie noodwendig dieselfde is as ons wil vir onsself nie. Ons is anders (sondig) en ons dink anders. Soos Prof de Klerk gesê het, soms vra ons die Vader dat hy vir ons 'n slang sal gee, en nie brood of vis nie (Matt 7:9)

Hier volg nou 'n paar voorbeelde wat in Matteus vir ons opgeteken is rakende die wil van die Vader.

- Die doop van Jesus, Matt 3:15 "Jesus het hom geantwoord: "Nogtans moet jy dit nou doen, want op hierdie manier moet ons aan die wil van God voldoen." Daarna het Johannes ingestem.
- Die sorge van die lewe, Matt 6:33 "Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee.
- Hoor en doen, Matt 7:21 "Nie elkeen wat vir My sê: 'Here, Here,' sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is.
- Die moeder en broers van Jesus, Matt 12:49 "Daar is my moeder en my broers! Elkeen wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is, dié is my broer en my suster en my moeder."
- Jesus kondig die eerste keer sy dood en opstanding aan, Matt 16:23 "Maar Jesus het na Petrus toe gedraai en vir hom gesê: "Moenie in my pad staan

nie, Satan! Jy is vir My 'n struikelblok, want jy dink nie aan wat God wil hê nie, maar aan wat die mense wil hê."

Jesus bid in Getsemane laat die Vader se wil geskied. Die volgende hieroor val my op:

- Dieselfde 3 dissipels was ook saam met Christus teenwoordig op die berg van verheerliking, en net soos hier in Getsemane het hulle ook op die berg van verheerliking aan die slaap geraak. Lukas 9:32 "Petrus en die ander het intussen vas aan die slaap geraak, en toe hulle wakker word, sien hulle die hemelse glans van Jesus en ook die twee manne wat by Hom staan. Sou mens kon sê dat dit wys hoe swak die mens is?
- In Matteus se weergawe van hierdie gebeurtenis is dit asof die Vader nie dadelik vir Christus antwoord op sy versoek nie, ..."As dit U wil is laat hierdie beker by my verbygaan". Dis eers na die 3de keer dat Christus se optrede laat blyk wat die Vader se antwoord aan hom was. Matt 26:45 "Toe kom Hy na die dissipels toe terug en sê vir hulle: "Slaap en rus julle nog? Die uur het gekom. Die Seun van die mens word in die hande van sondaars oorgegee. As mens Lukas se weergawe lees dan is dit asof die Vader Hom dadelik antwoord op sy versoek. Vers 43 sê: "'n Engel uit die hemel het aan Hom verskyn en Hom versterk". Christus sê vir sy dissipels dat hulle moet bid dat hulle nie in versoeking kom nie. Van watter versoeking het Hy hier in hierdie geval bedoel?
- Christus ken die Vader, en Hy verstaan volkome dat die Vader se wil vir ons goed en reg is. Daarom dan dat Hy gehoorsaam bly aan die Vader se wil.

As ons nou teen hierdie agtergrond na die Onse Vader gebed kyk, en dan meer in besonder na die bede "Laat U wil geskied", dan word die volgende duidelik:

- Eers net, die gebed begin met die woorde: Onse Vader. Nie my Vader alleen nie. Wie word by hierdie ons ingesluit? Deur die woord ons te gebruik, gee dit onmiddellik 'n ander perspektief as waaraan ons gewoond is. Die duiwel sê vir ons, alles gaan oor jouself. Jy beheer jou eie lewe. Dit gaan oor jou begeertes, jou drome, jou geld, jou tyd ens. Met hierdie gebed kom Christus en Hy verander my "EK" gebede in "ONS" gebede. Die fokus word dus weggedraai van die eie "EK" af na ONS toe.
- Om die gebed eerlik te kan bid, laat U wil geskied en nie noodwendig my wil nie, moet ons God regtig ken soos wat Christus Hom ken. Ons moet Hom ten volle kan vertrou wetende dat Hy die beste vir ons sal beskik. En dit is hier waar dit moeilik raak. Want ons sê dat ons God ken en vertrou totdat ons deur 'n swaar beproewing platgeslaan word. Byvoorbeeld:
    - Met die dood van 'n geliefde vra ons "Hoekom Here? Hoekom het U dit toegelaat? Ons raak soms verwytend, en 'n woede teenoor God kan selfs in ons binneste na vore kom. Dit kan selfs wees hoekom ek nie meer kerk toegaan nie, want wat help dit tog?
    - My dogter is verkrag en U vra dat ek vir my vyande moet bid.
    - Ek het nie werk nie, en U sien hoe ek sukkel. Tog antwoord U nie my smeek gebede nie. Miskien moet ek maar self weer vir iets kyk want noudat ek U nodig het, is U stil. Skielik raak dobbel, die lotto en allerhande

wedstryde waar ek geld kan wen, ‘n goeie opsie.

- Sondagaande is daar maar baie min lidmate in ‘n erediens. Ek was mos vanoggend in die kerk. Daar staan nerens in die Bybel dat ek ‘n tweede keer kerk toe moet gaan nie. Ek word kwaad as daar gepraat word dat kerk nou bietjie meer van my tyd op ‘n Sondag gaan vat om die voorgestelde jeugbediening te kan akkomodeer. En so kan ons maar aangaan.

- Romeine 12:2 “Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.
- Dit moet altyd ons begeerte wees om saam met Paulus te kan sê: “want om te lewe, is vir my Christus, en om te sterwe, is vir my wins.
- So wat is die slotsom? Ons moet God beter leer ken om hom meer te kan vertrou. Hoe leer ons Hom ken? Romeine 10:10 antwoord ons hierop: “Maar hoe kan 'n mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie? En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek?
- En tog sukkel ons om by al hierdie dinge uit te kom. Tog bly ons swak en broos en bang en kleingelowig. Saam met die preek moet ons dan ook bid.

  Vader in die hemel, na Sondag se preek wat gehandel het oor die betekenis van “Laat U Naam geheilig word” is ek eintlik bang om dit nou vir U te vra. Bang omdat ek opnuut besef hoe ver ek te kort skied. Ek is bang dat U wil en my wil nie dieselfde is nie. Dat die uitkoms dalk anders gaan wees as wat ek dit wil hê. En ek belei voor U dat die rede hiervoor is dat ek U nie goed genoeg ken en vertrou nie. Ek vergeet wie U is en waarmee U besig is. Ek is so selfgesentreerd dat ek eintlik die woord Ons in die Onse Vader gebed moet vervang met MY of EK. Want alles gaan in my gebede oor myself.
  Daarom smeek ek U nou dat U my deur die werking van U Gees sal verander. Ek wil U smeek dat die woorde van Romeine 12:2 in my sal gestalte kry. Wil U tog in U ryk genade my denke verander sodat ek U wil sal leer ken. Gee U tog ‘n brandende begeerte in my hart om doelgerigte tyd vir U in elke dag van my lewe te maak. Dat ek ernstig met U Woord sal omgaan. Dat ek uit my pad sal gaan om elke geleentheid te benut om U beter te ken en U wil te verstaan. Vat alle verskonings en/of dinge uit my lewe weg wat ‘n skeiding bring tussen U en my. Laat ek elke keer na ‘n erediens toe kom asof dit die laaste geleentheid is wat ek sal hê. Maak my oë oop sodat ek al die geleenthede om my, hier by ons in die kerk raak te sien en te verstaan. Laat ek daarna gryp, want hulle is daar. Here nou besef ek wat ek alles het waardeur ek U beter kan leer ken. Die Gereformeerde kerk Potch-Oos waar ek ‘n lidmaat is bied die volgende aan my:
  - 2 eredienste elke Sondag
  - Bybelstudies
  - Gemeente funksies en aksies
  - Ouderlinge en Diakens wat sukkel om my in die hande te kry vir huisbesoek
  - Gebedsgroepe waaraan ek deel kan neem
  - Gesamentlike eredienste met ander kerke
  - Hier langs my sit lidmate wat ek nie eers ken nie want na elke erediens sorg ek dat ek ry en ek drink nie tee saam met my mede

broeders en susters nie.

- Bediening na buite aksies waaraan ek kan meewerk
- Ek kan vrae aan die dominee rig as ek nie alles in sy preek verstaan het nie. Maar gewoonlik is Sondag se preke lankal vergete na Maandag se eerste in trap slag in die werksomgewing.

En hoe sal ek nou weet of daar nog ‘n Sondag gaan wees. Ek weet nie wanneer U genadetyd vir my eindig nie. Help my tog om nou die tyd uit te koop terwyl U nog te vinde is. Here, wat is die mens dat U aan hom gedink het. Die mensekind wat U so ryk bekroon het.

Nou sal ek bid. Vader, laat U wil geskied. Laat ek dit in alle opregtheid kan bid sonder om bang hoef te wees nie. Help U my tog daarin.

Amen

BEROEPE NUUS

BEROEPE ONTVANG

- Ds C Jooste van Wonderboompoort na Koster.

PROJEKTE

Mooirivier Kersmark Borge

Die Oosdopperfees is agter die rug en mens kan dit nie glo nie, maar dis weer tyd om te begin met die beplanning van die Mooirivier Kersmark vir 2013. Die Mooirivier Kersmark is hier om te bly en is verseker een van die hoogtepunte op die gemeente se kalender. Dit is iets waarna almal uitsien, nie net omdat dit so ’n fantastiese geleentheid is om saam te werk nie, maar ook vir die besondere doel van ons mark, naamlik om fondse in te samel vir ons gemeente se bediening na buite. Mooirivier Kersmark word DV 23-30 November 2013 vir ’n vyfde jaar aangebied.

As deel van ons poging om die Mooirivier Kersmark so winsgewend moontlik te maak, probeer ons die bedryfsuitgawes van die Kersmark, wat ongeveer R70 000 beloop, te delg deur die werwing van borgskappe binne en buite die gemeente.

Dus wil ons u graag uitnooi om as borg op te tree. (Indien u iemand ken wat dalk sal belangstel om as borg op te tree, staan dit u ook vry om hierdie inligtingstuk aan hom of haar te oorhandig of enige lid van die komitee met so ’n persoon in aanraking te bring). As erkenning vir u borgskap, en tot voordeel van u besigheid (of privaat aangeleentheid), beplan ons om advertensie ruimte op strooibiljette, die webwerf, agterop fakture, en op die Weste grensmuur van die kerk in ruil te voorsien:

Borgskappe word vir die volgende aangewend:

- Skryfbehoeftes
- Sekuriteit
- Bankkaart kommissie en ander bankkostes
- Kunstenaars
- Versiering van die saal
- Voorraad vir die restaurant
- Advertensies

Indien u sou belangstel of nog enige ander inligting benodig, kan u met die volgende persone skakel:

Anton Styger - 078 114 1757

Rieëtte Venter - 082 898 4197

U kan ook ons webwerf besoek by **www.mooirivierkersmark.co.za** vir meer inligting oor die Mooirivier Kersmark, asook ons visie, missie, uitstallers, en instansies of projekte wat deur die Mooirivier Kersmark se winste ondersteun word.

Help ons asseblief met hierdie groot poging van die gemeente om fondse in te samel vir die bediening na buite om sodoende ons bedieningsfokus ’n werklikheid te maak, naamlik om die liefde van Christus prakties aan die wêreld te bewys en te verkondig.

Baie dankie aan al die persone wat reeds aangedui het dat hulle wil help en reeds met fondse gehelp het.

Kersmark Borge komitee

TEESKINKGELEENTHEID

Tee word vandag bedien deur wyke 7, 9 en 26 in die Skuur. Baie dankie vir die dames wat help met die skink en opwas! Daar sal geen poeding beskikbaar wees nie tot na die vakansie!

NAGMAALETE

Baie dankie aan Blok C vir die regstaan met die heerlike Nagmaalete!

TOKTOKKIE

Liewe susters, dit is weer Toktokkie-tyd. Baie dankie aan die wyksusters wat help om bydraes hiervoor in te samel. Die wyksusters wat nog nie hul Toktokkie-koeverte ontvang het nie kan dit asb so gou moontlik by die kerkkantoor afhaal.
Baie dankie vir u getroue ondersteuning!

Marianne Fourie

BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!

VIVIERS INGELYF

PROKUREURS

Skakel Pierre Viviers vir die volgende regsdienste:

* **Opstel van testamente** * **Boedel- en aftreebeplanning** * **Bereddering van bestorwe boedels** * **Stigting van trusts** * **Registrasie van onroerende eiendom** * **Siviele litigasie – Hoë- en Landdroshof** * **Skuldinvorderings** * **Huweliksvoorwaardeskontrakte** * **Lugvaartregsdienste** * **Lugvaartversekering – FSP nommer 43890**	**Eerstevloer** **Octrongebou** **James Morokalaan 62** **Potchefstroom** **☎ (018) 297-5201 k/u** **pierre@viviersattorneys.co.za**

Igreja Reformada em Moçambique (TOPIA besoek – Maart tot Mei 2013: Deel 3)

Stap saam met TOPIA op ’n reis van verandering. Sien die impak van ’n bybelse lewens- en wêreldbeskouing in mense, gemeenskappe en nasies. Luister hoe die stories ontvou in en deur God se kerk.

Na drie weke in Zambië het ons via Malawi na Milange in die noorde van Mosambiek vertrek en die aand in Chipata geslaap. Daardie aand was Arina se koors 39,3. Ons het haar malariamedikasie as voorsorg gegee en gebid dat sy nie malaria het nie. Haar koors het egter baie hoog gebly en ons het besluit om haar eers na ’n dokter in Lilongwe te neem. Ons was so dankbaar toe sy negatief vir malaria getoets het. Na die besoek aan die dokter het ons besluit om tog verder te ry en teen sononder ’n boskamp êrens langs die pad te maak. Ons het daardie aand langs ’n treinspoor ongeveer 10 km voor Balaka geslaap. Daardie aand het Lourens ook koorsig geraak en ons het met twee siek kinders gesit. Die volgende oggend vroeg wou ons in Blantyre voorrade vir die maand wat in Mosambiek voorlê, aanvul. Ons kon egter nie geld by die OTM-masjiene getrek kry nie en die winkel se kaartmasjiene wou ook nie werk nie. Na ’n lang gesukkel kon ons uiteindelik geld van een rekening na ’n ander oorgeplaas kry en kon ek ons trollie uit die winkel uitstoot – nadat die winkel al sy deure gesluit het!

In die noorde van Mosambiek werk TOPIA saam met die Igreja Reformada em Moçambique, Sínodo de Tumbine (IRM). Dit was die eerste keer wat Johannes alleen sonder Hein van Wyk en Danie Murry die IRM bedien het. Die eerste week het Johannes ’n Visie Konferensie met die jeugleiers van die Liazi, Luala en Tumbine klassise in Milange gedoen. Die jeugleiers is ouer as wat ’n mens sal dink en hulle vervul ook ’n belangrike leierskapsrol in hulle gemeentes. Die konferensie het goed verloop en die Luala-groep het ’n drama opgevoer as antwoord op een van die praktiese oefeninge waartydens hulle na die leuens in hulle gemeenskappe moes kyk. Gewoonlik sukkel die groepe om sommige van die antwoorde op die vrae in die prakties oefening by die praktyk uit te bring. Die drama het egter uitstekend daarin geslaag en Johannes het besluit om die praktiese oefening vir die volgende konferensie aan te pas en van die deelnemers te vra om van die leuens in hulle gemeenskap met dramas en rolspel uit te beeld. Elke klassis het ook liedjies geskryf en gesing om van die leuens te hanteer en daardeur waarhede aan ander te leer. Tydens die konferensies in Milange het die konferensiegangers graag in hulle aftye na koormusiek geluister. Daarom is besluit om van die liedere wat die klassisse geskryf het, elektronies vas te lê en tot ’n DVD te verwerk. Die DVD gaan dan deur die jeug aan die kerkverband geskenk word. Hierdeur kan van die waarhede wat in die Visie Konferensie geleer is, op ’n kultureel-gewilde wyse aan ander oorgedra word.

In die verlede het Danie Murry van die *Handevat*-bediening die tolkwerk vir die Visie Konferensies gedoen. *Handevat* het ook vir die kostes soos die vervoer na konferensies en kostes om plaaslike fasiliteerders toe te rus, ingestaan. Johannes en sommige van die IRM-eierskap het vergader om oor die pad vorentoe, sonder *Handevat*-bediening se insette, te besin. Daar is besluit om in ooreenstemming met die beginsels wat in die Visie Konferensies geleer word, naamlik *om te werk met dit wat ons het*, die beplanning vir die volgende agtien maande te wysig. Daar is besluit dat drie van die vyf konferensies wat vir die tweede helfte van die jaar geskeduleer was, met agtien maande uitgestel word. Die konferensies is ver weg en die vervoer- en tolkkostes is tans nie beskikbaar nie. Johannes sal dan daardie drie weke benut om sy Portugees te verbeter. Die hoop is dus dat Johannes se Portugese vaardighede oor agtien maande sterk genoeg sal wees dat hy sonder die hulp van ’n tolk die konferensie in Portugees sal kan fasiliteer. Daar is ook besluit dat Di. Ganyale, Estaforde en Johannes hierdie jaar nog saam die konferensies sou fasiliteer. TOPIA sal instaan vir die tolkkostes en vervoerkoste van die fasilteerders. Volgende jaar sal die IRM die verantwoordelikheid neem vir die Visie Konferensies wat deur Di. Ganyale en Estaforde gefasiliteer word. Hierdie konferensies sal in die omgewing van die gemeentes waar hulle tans dien, gehou word. TOPIA sal die verantwoordelikheid neem vir die konferensies wat verder weg is en Johannes sal die fasiliteerder wees. Op hierdie wyse sal vanaf 2014 drie keer meer visie konferensies per jaar gehou kan word en terselfdertyd word die beginsel van *werk met dit wat jy het*, ook bevorder.

Die beplande opvolgkonferensie wat die tweede week van ons besoek by Mawilini sou plaasvind, is uitgestel. Die gemeente het in November 2012 reeds aangedui dat hulle graag ’n opvolg-visiekonferensies in hulle gemeente sal aanbied. Die datum wanneer die konferensie sou plaasvind moes aan die gemeete gekommunikeer word. Die sekretaris van die klassis waarin die gemeente val, het egter nie die datum aan die gemeente van Mawilini deurgegee nie. Johannes kon die week toe vrugbaar gebruik vir Portugese studie en die skryf van ’n nuusbrief. Ons het ook daaraan gewerk om die uitgawes wat ons reeds aangegaan het, se strokies te verwerk en om ’n sigblad te ontwikkel wat die TOPIA-spesifieke ontvangstes en uitbetalings, wat in ses verskillende geldeenhede gedoen is, te balanseer.

In Milange kon die kinders weer lekker met maatjies speel en oom Kobus en tannie Nana het vir baie lekker dinge gesorg. Hulle kon oom Kobus help om die bokkies mielies te voer en die bababokkies vas te hou. Oom Kobus het ook vir Lourens een oggend met ’n kuiken verras. Hierdie kuikentjie het ’n bietjie later as sy ander boeties en susies uitgebroei en is alleen in sy nessie gevind. Vir Lourens was dit ’n wonderlike dag. Hy het die hele dag die kuiken versorg en vasgehou. Die aand het ons die kuiken weer onder mamma hen gaan bêre. Daardie week het dit aanhoudend in Milange gereën. Ons kom toe agter dat ons trok se dak lek. Ten spyte van nat beddegoed, skottels water (en skottels water wat omval), modder en waterplasse is ons die week deur. Vir die kinders was dit natuurlik groot pret om in die modder te speel. Een middag toe die son ’n bietjie uitgekom het, het ek en die kinders gaan stap. Lourens op sy fiets en Arina op Pappa se nek. Die ander fietsryers het die plasse water en modder probeer vermy, maar Lourens het tot groot vermaak van die mense in die omgewing, deur soveel moontlik waterplasse en modder gery. Ons het ook groot pret gehad toe ons die Saterdag die modder van die grondseile afgewas het. Dit het gou-gou in ’n swem- en klerewassessie ontaard. Lizanne het een aand saam met die dames ’n heerlike fliek- en kuieraand gehad, terwyl die Pappas moes kinders oppas. Die Sondagaand is saam met die ander sendelinge gekuier. Ons het vir mekaar gebid, pret gehad deur ’n Bybelkennisspeletjie te speel met natuurlik koek en koffie daarby.

Die laaste konferensie was by die gemeente van Mikongoni. Die pad na die gemeente was vir ’n gedeelte net ’n fietspad wat ons met ons lorrie aangedurf het. Hierdie stamppad het die ware karakter van Lizanne opnuut na vore laat kom. Die Here het waarlik vir my ’n ystervrou gegee. Hoe meer sy kon uitklim om piesangbome uit die pad te druk en hoe rowwer die paadjie geword het, hoe breër was die glimlag en hoe meer positiewe energie het sy uitgestraal. Dit is vir ons as gesin wonderlik om die Here op so ’n wyse met ons gawes te kan dien. Maklik is dit egter ook nie altyd nie. Ons trok se batterye het finaal gegroet tydens die week in die bos. Eers wou die pomp nie meer water pomp nie, toe moes die vrieskas af en later kon ons nie eers die rekenaar of selfone laai nie. Ons het egter nog toegang tot vars drinkwater gehad vanuit die tenk van ons lorrie. Toe ons batterye in Zambië al tekens getoon het dat daar ’n probleem is, het Johannes ’n plan gemaak sodat ons steeds water aan die buitekant van die trok vanuit ons watertenk in houers kon tap. Die grootse opoffering vir ons gesin is egter privaatheid. In die gemeenskap is daar altyd van vroegoggend tot na sononder ’n skare toeskouers om jou. Selfs al is jy in die lorrie, word daar by die deur ingeloer of in bome geklim om deur die vensters te kyk. Vir Lizanne wat ’n een-tot-een-persoon is, is dit seker een van die moeilikste dinge van die hele bediening. Die kinders kon ook nie met die krat speelgoed wat ons vir hulle ingepak het, speel nie. Daar was nie genoeg speelgoed om met al die kindertjies om hulle te deel nie en gevolglik moet Lizanne met tye die kinders op ’n kreatiewe manier binne die beperkte ruimte van die trok besig hou.

Die Mikongoni Visie konferensie is by die Itchi *prayer house* (wyk) gehou. Die gemeente bestaan uit 15 *prayer houses*. Die dominee kom hoogtens twee keer per jaar by elke *prayer house* uit en dit is sy groot taak om die leiers van die *prayer houses* toe te rus. Die Mikongoni konferensie was opnuut ’n belewenis. Johannes en Ds. Ganyale het die konferensie gefasiliteer en Mr Iron Peterson was ’n baie goeie tolk. Die gemeente het met baie liefde vir ons etes en warm badwater voorsien. Die leuens dat ’n man beter as ’n vrou is, die aanbidding van voorvadergeeste en materialisme is baie goed deur die groepe in dramas uitgebeeld. Daarna kon sekere aspekte uit die dramas belig word en op die resultate van die leuens en die metode

hoe die leuens in die gemeenskap versprei word, ingespeel word. Van die ander leuens is weer deur sang ontrafel. Die Namigunda-groep sing en skryf byvoorbeeld oor die leuen dat werk ’n vervloeking is, die volgende:

Other people say that farming is a curse.
This is a dangerous lie
Farming is not a curse.
Farming is one part of worshipping God
Farming started with God in the Garden of Eden
and He gave to Adam and Eve

Ds. Ganyale en Johannes is dit eens dat die rolspel en sang beter werk met die groepe waar ’n beduidende persentasie van die leiers nie baie geletterd is nie. Die Donderdagmiddag het die groepe saadaksies in die gemeenskap gaan doen. ’n Saadaksie is ’n demonstrasie van God se liefde deur die plaaslike kerk met dit wat die Here vir hulle gegee het. Deur saadaksies is liefde op ’n konkrete wyse aan bejaardes en lede van die gemeenskap wat siek is, betoon. Die groepe het die volgende dinge gedoen:

- Daar is onderling deur die groep geld ingesamel en aan die bejaardes en siekes gegee.
- Een van die groepe het ’n gedeelte van die geld gebruik om seep en sout te koop en aan ’n siek bejaarde vrou gegee.
- Daar is vir die siekes en die bejaardes gebid.
- Leë houers is gevra en die kerkleiers het by die putte in die omgewing water gaan haal.
- Daar is gehelp om mieliepitte van die mieliestronke te stroop.
- Daar is ook gehelp om mielies in ’n silo te pak.
- Die erf om een van die huise is skoongevee.
- Daar is vuurmaakhout opgetel en na die huis gebring.

Vrydagoggend is daar terugvoer oor die Saadaksie in die gemeenskap gegee en daar is aksiestappe beplan hoe die ouderlinge van elke *prayer house* aan die gelowiges in hulle *prayer house* sou oordra wat hulle by die konferensie geleer het en hoe hulle deur middel van die saadaksies na hulle gemeenskappe sal uitreik. Ons gaan nou weer vir ses weke terug na Suid-Afrika toe, waarna ons weer vanaf 6 Julie vir vier maande in Malawi, Mosambiek en Zambië sal wees.

Gebede:

- Dank en prys die Here vir wie Hy is.
- Bid vir die uitbou van God se koninkryk op alle vlakke van die samelewing in Afrika.
- Bid vir kerke en kerkleiers in Afrika.
- Dank God vir tweedegeslag-fasiliteerders en bid God om ons getrou te ag om nog mense te stuur wat sy boodskap kan uitleef en versprei.
- Dank die Here vir sy beskerming aan ons tydens hierdie besoek aan Botswana, Zambië, Malawi en Mosambiek.

Voetspore van hoop-blog – teken in vir nuus en fotos: (1) Gaan na die TOPIA-webblad (www.topia.org.za). (2) Klik op die blog-skakel. (3) Tik jou e-pos besonderhede in die *Voetspore van Hoop*-blokkie in. (4) Klik op *subscribe**.***

Koninkryksbelegging – Indien God jou roep om by TOPIA ’n koninkryksbelegging te maak: ABSA tjekrekening, TOPIA Tessa Trust, Takkode: 632005, Rekeningnommer: 4074089319

CHRISTUS HET OPGESTAAN – IN HOM, DEUR HOM EN VIR HOM!

Lizanne, Lourens, Arina en Johannes Aucamp

Kom ons praat oor die preke

Wat was onduidelik in die preek?

Wat, in die Skrifgedeelte, verstaan jy nie?

Waarin verskil jy met die prediker in die uitleg van die teks?

Watter vrae het by jou opgekom toe jy die Skrifgedeelte gelees en na die preek geluister het?

Waarom sal dit vir jou moeilik wees om die boodskap in jou lewe toe te pas?

Oor watter Skrifgedeeltes of tema's sal jy graag 'n preek wil hoor?